## 13 September Jesaja 6:1-8

### *Heilig, heilig, heilig!*

Jesaja sien God se heiligheid. Hy hoor die serafs roep: "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige!" God se heiligheid is al eienskap wat met driemalige herhaling beklemtoon word. Jesaja sien die geheel andersheid van God. God is rein en getrou en volmaak soos dit by geen skepsel kan wees nie. Dan sien ons vir Jesaja inmekaarkrimp: "Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein,..." En sal God hom as onreine verdelg? Nee, ons sien God se genade. Die engel raak sy lippe aan met 'n gloeiende kool. Sy oortredinge word vergewe en sy sonde versoen. Jesaja mag voor God bly staan.

En dit is ook waar vir jou wat in Christus glo. Deur sy bloed het ons vrye toegang in die hemelse heiligdom (Heb. 10:19-20).

En wat doen dit aan jou? Die Here vra: "Wie kan ek stuur?" en Jesaja kan dan sê: "Hier is ek. Stuur my!" Jy kan ingaan na die troon van God om krag te kry. Jy kan met jou onreinheid en met jou onwaardigheid in diens van die heilige God gaan staan. Maar hoe kan dit? Want jy word deur Christus waardig gemaak.

Miskien is jy geroep as ouderling of diaken. Miskien lê die Here die skreiende nood van jou bure juis op jou hart. Miskien is dit jy wat die hoogmoedige predikant moet gaan vermaan. Sal jy kan gaan? Dit is die heilige God wat roep en bekwaam maak. Sal jy kan weier?

Sing: Psalm 33:11 Ds. RA. Odendaal (Evander)